

Vrydag 11 September

Skrifgedeelte: Ester 1:1-8 (1933/53-vertaling)

Fokusgedeelte: Ester 1:8

Die wêreld se bevel tot vryheid

Dit is die vyfde eeu voor Christus. Ahasvéros regeer (486-465 vC) oor die Persiese ryk met sy 127 provinsies van Indië in die Ooste tot Ethiopië in die Weste. Toe hy omtrent 40 jaar oud was, in die derde jaar (\pm 483 vC) van sy regering, reël hy groot feeste.

Vir 180 dae lank vier hy fees saam met sy hooggeplaaste amptenare vanoor die hele ryk. Hy wys vir almal hoe 'n magtige koning hy is en hoe ryk hy is. Hierdie fees gaan oor hom – hy moet geëer word.

Daarna vier hy verder fees. Vir sewe dae word daar in die stad Susan 'n fees gereël vir almal wat in die stad is. Daar is baie van alles – 'n uitspattige brassery van voedsel en drank.

Tydens die feeste beveel Ahasvéros dat almal kan drink wat hulle wil, wanneer hulle wil en hoeveel hulle wil. Hulle is beveel om vry te wees in wat hulle drink – 'n bevel om vry te wees.

Dit is die beheer wat die wêreldheersers graag wil hê. Hulle wil in beheer wees, maar die mense moet tog voel asof hulle vry is. Hulle word gegee wat hulle wil hê, soveel as wat hulle wil en wanneer hulle dit wil hê – vrylik beskikbaar. Daarmee word die mensdom besig gehou. Daarin voel hulle vry. Hulle kry wat hulle wil hê. Wat dit ook al in ons tyd mag wees: die vryheid om te kies, om te praat, om te hê. Wat die mens ook al gelukkig hou.

Maar dis geen ware vryheid nie. Hoe kan 'n mens wat beveel is om vry te wees, waarlik vry wees? Dit is net sogenaamde vryheid totdat die heersers weer van bevel verander!

So, lê kinders van God se vryheid in wat die wêreld sê ons vry kan wees? Nee, ons vryheid begin eers wanneer ons, vrygekoop van die heerskappy van ons sonde, ons **HERE** waarlik, los van ons vleeslike begeertes, begin dien.

Sing: Psalm 2-1:6

Ds. DJ Dykstra (Dirk) (Nigel)